Posbus 17
Groblershoop
8850
05 Desember 2006

Brian Whitfield
Tswelopele Environmental (Pty) Ltd
Posbus 2083
Pinegowrie
2123

**<u>Aries-Garona 400kv Transmissie kraglyn</u>**

Hiermee maak ek, LJ Kotzé, van Kleinbegin Boerdery ten sterkste beswaar teen voorgenome roete 1B. Eerstens, word my uitsig vanaf my huis na die berg belemmer. Ek is van plan om 'n gastehuis te begin en 'n kraglyn wat voor sodanige gastehuis verbyloop, sal beslis die toerisme waarde daarvan benadeel. Die beplande lyn sal dan ook deur my wildkamp loop, wat ek en Thuru Lodge saam wil bestuur. Die wild word gevang met helikopter en die vlieg van helikopters sal bemoeilik word as gevolg van die lyn wat dwarsdeur hierdie kamp sal loop.

Tweedens, is daar alreeds 'n Eskomlyn wat deur my plaas loop. Dit beteken dat die beplande lyn van die noorde kant af weer deur my plaas gaan loop en daar te veel toegangsroetes gaan wees.

Derdens, gaan die kraglyn erosie veroorsaak in die rantjies en leegtes aan die weste kant van my huis.

Ek hoop u kan aflei uit hierdie brief dat ek glad nie ingenome is met die plasing van die nuwe lyn deur Kleinbegin nie en dat ek die vestiging van lyn 1B sterk teë staan.

Die uwe

LJ KOTZÉ